

16 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 18:1-27
Fokusgedeelte: Eksodus 18:10-11

Nou besef ek dat die Here groter is as enige ander god!

Jetro was nie 'n Israeliet nie, maar 'n Midianiet. As Moses uit Egipte wegvlug, kom hy by Jetro te lande. As Moses met sy dogter Sippora trou, pas hy 40 jaar lank sy skoonpa se kleinvee op.

As God Moses na 40 jaar roep om die Israeliete uit Egipte uit te lei, bly Sippora en hulle twee seuns agter by Jetro. Ná die uittog uit Egipte kom Jetro kuier en bring vir Moses sy vrou en kinders saam. As Jetro alles sien wat die Here gedoen het, roep hy uit: "Nou besef ek dat die Here groter is as enige ander god ..."

Watter pragtige belydenis! Ja, wie sy liefde vir God só bely, kan nie anders nie. Hy moet sy liefde vir sy medemens ook bely. Daarom gee Jetro reeds die volgende dag al vir Moses die raad om nie al die hofsake self te behartig nie, maar om ook van raadgewers uit die volk gebruik te maak.

In die woorde en dade van die heidense skoonpa van Moses hoor ons iets van die warm liefde vir God en medemens. Kan ons as kinders van God dit ook van harte bely?

Sing: Skrifberyming 2-2(34):1

Dr. CJ Malan (Emeritus)